Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. **086 133 3786**
Faks (012) 329 0293
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Tydelike adres: Soutpansbergweg 92
Riviera, Pretoria

Stigtingsjaar 1909

27 Julie 2017

PERSVRYSTELLING
(Vir onmiddellike vrystelling)

Miljoene vir studie in Afrikaans

Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns stel vanjaar weer miljoene rand beskikbaar vir beurse aan nagraadse studente in enige vakdissipline. Studente wat vir 'n meesters-graad of doktorsgraad by enige universiteit in Suid-Afrika wil inskryf, kan aansoek doen, het die uitvoerende hoof van die SA Akademie, dr. Dionē Prinsloo, vandag gesê.

Die beurswaardes beloop tot R120 000 vir doktorsgraadstudie en tot R60 000 vir meestersgraadstudie. Voltydse en deeltydse studente kan aansoek doen. Die enigste voorwaarde wat die Akademie stel, is dat die uitkoms van die nagraadse studie in Afrikaans aangebied word.

Hoewel universiteite in Suid-Afrika sterk verengels, glo die Akademie dat daar steeds plek is vir gevorderde studie in Afrikaans en dat studente wat dit verkies sover as moontlik in staat gestel moet word om hulle nagraadse studie in hulle moedertaal te voltooi – in hierdie geval Afrikaans – het dr. Prinsloo gesê. Met hulle gevorderde studie dra die studente ook by tot die uitbreiding van Afrikaans as vaktaal. Die SA Akademie aanvaar dat daar genoeg Afrikaanstalige akademici in die land is wat nagraadse studente in Afrikaans wil en kan begelei.

Aansoeke vir die die akademiese jaar 2018 sluit einde Augustus. Navrae kan gerig word aan Melanie Rens by die SA Akademie (melanie@akademie.co.za). Inligting ook beskikbaar by www.akademie.co.za.

Dr. Dionē Prinsloo: Hoof Uitvoerende Beampte
Tel 086-133-3786 / Sel 082 464 6953
E-pos: dprinsloo@akademie.co.za / akademie@akademie.co.za